CollegeHill
Press cutting
T +27 (0)11 447 3030
www.collegehill.com

Freeworld Coatings	Sake 24
19 November 2008	Page 19

Plascon uitoorlê gure ekonomie met 15%-styging

Edward-John Bottomley, Johannesburg

Plascon ís toe onweer-bestand.

Freeworld Coatings, Plascon se eienaar, het die gure ekonomiese weer oorkom en gister 'n styging in inkomste van 15% vir sy boekjaar tot einde September aangekondig.

Dit is Freeworld, wat voorheen deel van Barloworld was, se eerste boekjaar as 'n genoteerde maatskappy.

"Onder die omstandighede is ons baie tevrede met ons resultate," sê mnr. André Lamprecht, uitvoerende hoof van Freeworld.

"Ons het verlede jaar gewaarsku dat ons 'n moeilike jaar verwag, maar ons het natuurlik nie geweet hoe erg die ekonomiese omstandighede sou wees nie," sê hy.

Die onderlaag van Freeworld se bedrywighede is sy Decorative Coatings-afdeling, waarvan Plascon deel is.

Dié afdeling se verkope het met 15% gestyg in vergelyking met Freeworld se vorige pro forma-resultate.

Verf vir nywerhede het híér vir goeie groei gesorg en 'n afname in die verkope van verf vir die huismark teëgewerk.

Freeworld se uitbreiding na ander Afrikalande begin nou ook vrug dra. Uitvoer na ander Afrika-lande het met 50% gestyg.

Die maatskappy sê hoër elektrisiteits- en oliekoste sit druk op die afdeling se marges, maar dat hy streng kostebeheer toepas.

Verbruikers se platter sakke sal ook Decorative Coatings se volgende boekjaar donkerder maak.

Freeworld se fokus op omgewingsvriendelik produkte is in die jaar verskerp.

Hy het in die eerste helfte van die jaar die wêreldwye regte bekom vir water-gebaseerde deklaagverwyderings- en houtrestorasieprodukte.

Die verwydering van deklae noodsaak gewoonlik 'n middel wat skadelik vir die omgewing is.

Freeworld sê hy verwag 'n goeie vraag na dié produkte.

Die maatskappy is positief oor die jaar wat voorlê, al dop die verf bietjie af in die verbruikersmark.

"Die ekonomiese omstandighede is natuurlik uitdagend, maar ons vertrou dat ons steeds mededingend sal bly," sê Lamprecht.

Freeworld sê die regering se besteding op infrastruktuur in die aanloop tot 2010 bied goeie geleenthede vir groei.

Ook ná die sokkertoernooi sal die regering se infrastruktuur-projekte lonende geleenthede vir Freeworld bied.

Die lagie vernis op die resultate is 'n slotdividend van 10c per aandeel.

Freeworld se totale dividend vir die jaar is 20c per aandeel.

Freeworld Coatings

Kernsyfers

- Inkomste: R2,69 miljard (+15%)
- Bedryfswins: R397 miljoen (+10%)
- Wesensverdienste per aandeel: 106c (+15%)
- Totale dividend: 20c per aandeel

Reproduced by College Hill Associates Ltd.
The contents of the publication from which the above extract has been taken are copyright works and without prior permission may not be copied further.